

8 September

Skrifgedeelte: Matteus 6:9-13

Fokusgedeelte: Matteus 6:13; Heidelbergse Kategismus Sondag 52:127

Laat ons nie in versoeking kom nie, maar verlos ons van die Bose

Sonder die laaste bede: *"Laat ons nie in versoeking kom nie, maar verlos ons van die Bose"*, sou die Ons Vader-gebed nie volledig en volmaak gewees het nie. Sonder hierdie laaste bede sou ons wyd oop gewees het vir die aanslae van Satan en sy bese magte.

Die Bose wil ons vernietig, en die maklikste manier om dit te doen, is om ons tot sonde te verlei. As die Bose dit kan regkry om ons tot sonde te verlei, dan het hy ons in sy mag. En die bese is 'n werklikheid. Vra maar vir enige kind van God wat al in 'n strik van die Bose getrap het, hoe listig Satan was om hulle te verlei tot 'n buite-egtelike verhouding of geldverduistering of dwelmverslawing of ongehoorsaamheid of wat ook al. Die bese is 'n harde werklikheid.

Die Ons Vader-gebed betrek ons by elke bede. Ook by die sesde en laaste bede is dit so. Ek kan nie bid: *Laat ons nie in versoeking kom nie, maar verlos ons van die Bose* en dan lekker terugsit en dink dat God dit moet doen en ek kan maar ontspan nie. Ek is ook voluit by hierdie bede betrokke.

Omdat God niemand verlei nie en omdat ek deur my eie begeertes verlei word, word ek ook voluit by hierdie bede betrek. Dit is 'n gebed dat God my staande moet hou in versoekings, want ek is maar swak. Dit hef egter nie my verantwoordelikheid op om te vlug en weg te bly van situasies wat my kan verlei en om standvastig te bly in versoekings nie.

Ek kan my nie willens en wetens aan allerhande versoekings blootstel en dan nog bid dat die Here my daarvan sal bewaar nie. Bly weg van plekke en situasies en mense wat jou tot sonde kan verlei. Bly weg. En bid.

Sing: Skrifberyming 28:4 (10-1)

Ds. HPM van Rhyn (Pretoria-Noord)